SONDAG
12 APRIL
2009

Ooievaar op pad na mooie Nicola



Nicola verwag Ben se baba.

CHRISTIAAN CLOETE

Die Suid-Afrikaans gebore supermodel en filantroop Nicola Breytenbach word binne maande 'n mamma, en dit kan julle maar glo.

Sondag onthul vandag eksklusief dat die afgelope paar maande se gerugte van 'n "broodjie in Nicola se oondjie" die reine waarheid is.

Die goue meisie verwag die kind van haar skatryk Amerikaanse sakeman-man, Ben Steiner, met wie sy verlede jaar in die Franse Riviera getroud is.

Skinderstories loop al sedert Januarie dat die supermodel, wat eens op 'n tyd Donald Trump se regterhand was en deesdae met liefdadigheid- en opheffingswerk in Afrika betrokke is, in die ander tyd is.

Daar is veral gegons toe Nicola onlangs skielik ophou rook en nie meer 'n druppel drank oor haar lippe gesit het nie.

Sy het blykbaar ook geweier om te ski toe die paartjie vroeër vanjaar met vakansie was.

Hoewel die media tot onlangs daaroor bespiegel het, kon niemand nog bevestiging kry of dit die waarheid is nie.

Sondag kan met sekerheid bevestig dat Nicola swanger is.

Hoewel Nicola se Suid-Afrikaanse agent, Andrew Farr, die swangerskap tot dusver ten sterkste ontken het en dit selfs as "bogstories" afgemaak het, het hy vandeesweek eksklusief aan *Sondag* bevestig dat daar beslis 'n vuurtjie was waar die rokie getrek het.

"Ja, ek kan bevestig dat Nicola swanger is.

"Ons wou dit nie te vroeg bekend maak nie, maar ja, dit is waar," het hy dié week vir *Sondag* laat weet.

Farr het ook verklap dat Nicola reeds ses maande swanger is met haar eersteling.



Nicola is toe wel in die ander tyd.

PRAAT SAAM
SMS jou mening na
34425
SMS'e kos R2.00